

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
1978

Onderwerp: Regte verhouding tot God en jou
naaste

Lees: Amos 5 verse 1 tot 27
Miga 6 verse 1 tot 8
Matthéüs 12 verse 33 tot 37

Sing: Psalm 25 verse 1 en 2
Gesang 71 verse 1, 2 en 6

“God skryf sy Kerk nooit af nie. Hy laat wel die doods klokke lui vir dié mense wat van sy Kerk ’n karikatuur maak. Hy straf die ongehoorsames. Desnieteenstaande gaan Hy voort om sy volk te bou. Hy is steeds besig om die saad van die geloof voort te plant en te sorg dat sy verlossingsplan deur middel van ’n volk en ’n kerk op aarde uitgevoer word.

“Daarom hoor ons in Amos wel die klanke van ’n begrafnislied, maar ook ’n uitnodiging tot bekering. Teen die agtergrond van swaar oorlogswolke staan die dringende en liefdevolle oproep tot bekering helder afgeëts.

“Broers en Susters, Amos sê in Amos 5 verse 14 en 15 vir goeie mense dat hulle moet soek wat goed is. Dit lyk asof hy die verkeerde teks by die verkeerde geleentheid beet het. Die goeie Israel het seker ook só gedink.

“Maar nou is die vraag wat Israel en wat Amos met die woordjie ‘goed’ bedoel.

“Ons het reeds agtergekom dat goed doen vir Israel ’n beperkte begrip was. Vir hulle was dit beperk tot godsdienstige aktiwiteite by Bet-el, Gilgal en Berséba. Hulle wou die goeie gou afhandel in ’n godsdiens wat bestaan het uit feeste, offers en die gee van tiendes. Hulle het geredeneer dat God se maatstaf vir die goeie in ’n mens se kerklere sit.

“Maar in Amos 5 vers 4 het God die Israëliete ontnugter deur te sê dat hulle in hulle goeie godsdiens nog nie by God uitgekom het nie. En nou gaan Amos met hierdie tema voort. Hy wil hê dat Israel weer van vooraf sal soek wat goed is. En die weg van die goeie is reeds aangedui. Die HERE het onomwonde verklaar dat ’n volk wat sy broer verdruk, nog vêr van God af is. Om die goeie te soek, beteken dus doodeenvoudig om te

doen wat goed en wat reg is. En om reg te doen, kom tot openbaring in my verhouding met my naaste. My verhouding met die HERE kan nie van my verhouding met my naaste losgeruk word nie. In die een, word ook die ander bewys. Godsdien is ook naastedien. In die omgang met die naaste val die beslissing vir goed of sleg. In die ontmoeting met die naaste bied God ons die moontlikheid om Hom te dien.

“God ontmoet my in my broer:

“Om God in uiterlike godsdien te soek, is dikwels niks anders as ’n wegvlug van God af nie. Nee, Hy moet ook gesoek word in my verhouding met my naaste. Hy ontmoet my ook in my broer. Hy gaan nie net in die tempel tuis nie. Hy gaan ook in my broer tuis.

“As ek hom nie daar wil ontmoet nie, wil Hy my ook nie in sy tempel ontmoet nie. As ek nie bereid is om my liefde vir God voor die mense te bely nie, dan is die geloofsbelydenis in die tempel niksseggend en hol. As ek nie bereid is om persoonlike offers te bring wat my naaste betref nie, dan is die tempel-offer en die tiende vir God ook nie aanvaarbaar nie. As my lewe van Maandag tot Saterdag nie ’n erediens is nie, dan plaas God ’n vraagteken oor my vroomheid.

“Met God in pas:

“Wanneer ’n mens hom daarop instel om die goeie te soek, bevind hy hom op die pad van die lewe. Die dodelied van Amos 5 verse 1 tot 3 kan dan vermy word. Die verskil tussen dood en lewe bestaan daarin om met God te wandel; om met God in pas te bly. Die mens wat met God pas verloor, raak in die lewe agter.

“Wanneer is ’n mens in pas met God? Ook as jou naaste saamloop, as jy vir hom ’n medemens is. En hierdie saamloop met die naaste verg dikwels ’n ongemaklike en veeleisende tweede myl. Dit dwing jou om jou naaste se honger, dors en gevangenskap vir jou rekening te neem. Daar staan in Mattheüs 25 verse 34 tot 40: ‘Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U ’n vreemdeling gesien, en herberg

gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.’

“Wanneer ek dus met God wandel, bly ek gedurig by my naaste betrokke. Om God in die godsdienstige atmosfeer van die tempel lief te hê en dan my rug op Hom te draai wanneer Hy deur my naaste se nood op my liefde staatmaak, rym nie. Dit kom neer op ’n liefdesverklaring sonder liefdesbewyse.

“Nie oorerflik nie:

“In hierdie verse is dit duidelik dat Israel baie seker was dat die Here met hulle was. Hulle het in sy teenwoordigheid geroem. Dit was gerusstellend om te weet dat die HERE sy volk nooit sal verlaat nie.

“Ongelukkig was dit ’n valse sekerheid. God se teenwoordigheid is nie oorerflik nie. Hy stel nie nasionale afkoms, politieke oortuigings, godsdiens en tradisies as voorwaarde vir sy teenwoordigheid nie. Nee! God is daar waar Hy erken, bely en gedien word. En so moes Israel tot die skokkende ontnugtering kom dat God inderwaarheid nie meer met hulle was nie. Sonder God was hulle ook sonder lewe, want ’n mens lewe eers regtig as God met jou is. Daarom die dringende oproep tot bekering in hierdie vers.

“Wat om te haat; en wat om lief te hê:

“Amos sê: ‘Soek wat goed is ... sodat julle kan lewe.’ (Amos 5:14) En om die goeie te soek, beteken om die HERE te dien. Dit is ’n hartlike antwoord op God se liefde.

“Daarom: ‘Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is.’ (Amos 5:15) Om te haat wat sleg is, is om ’n afsku te hê vir die slegte; dit te vermy; daarteen oorlog te verklaar; en besliste standpunt daarteen in te neem. Dit beteken die absolute afwys van dinge wat met die wil van God bots. Met die slegte kan en mag die gelowige nie in vrede leef nie.

“Wanneer die Bybel van liefde praat, word baie meer bedoel as bloot net ’n emosionele ervaring of gevoel. Die liefde bestaan nie net in woordspel nie, maar in daadwerklike liefdesbetuiging. Liefde vra aksie. Van liefde in woorde alleen, weet die Bybel nie. Jesus sê dan ook: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.’ (Matt 7:21)

“Amos ruim alle onduidelikheid oor die aksie van die liefde uit die weg as hy in vers 15 sê: ‘... handhaaf die reg in die poort’. Die bewyskrag in my liefde vir God lê in ’n baie besondere sin in my liefdesywer vir my naaste. Neem ek my naaste in ag? Die standpunt wat ek in die poort inneem, beantwoord die vraag of ek die slegte haat en die goeie lief het.

“Miskien:

“Die oproep tot die goeie word deur Amos in ’n ‘miskien’ afgesluit. (Amos 5:15) Hierdie ‘miskien’ is deel van die skokbehandeling wat Israel moes ondergaan. Hulle wat met soveel sekerheid aanpraak gemaak het op God se beskerming en seën, moet nou hoor dat God se liefde nie vanselfsprekend is nie. ’n Mens kan dit nie verdien op grond van godsdienstige gebruike nie. Die valse sekerheid het op ’n valse veronderstelling berus dat God in elk geval met ons is. Die HERE sê nou dat sy beskermende teenwoordigheid ook van mense se lewenswandel afhang - en selfs dan is sy genade onverdiende genade.

“In Amos 5 vers 15 lees ons dat God Hom ‘miskien’ sal ontferm oor die oorblyfsel van Josef (die noordelike ryk wat bestaan het uit tien van die twaalf stamme van Israel). Daar sal dus redding wees as daar ook daadwerklike bekering plaasvind.

“God se genade is nog steeds beskikbaar - ook vir die oorblyfsel van Josef. Vir hulle wat in hulle lewenswandel bewys gelewer het dat hulle dit opreg bedoel in hulle liefde vir God. Hulle sal lewe en die lewende God, die God van liefde, sal met hulle wees.

“Amen.”

Kommentaar:

’n Mens word uit genade alleen gered en nie deur goeie werke of dade nie. In samehang hiermee sal die persoon wat gered is, sy dankbaarheid aan God en sy liefde vir God met sy lewenswyse betoon.

Hierteenoor wag daar ’n wrede ontnugtering vir die persoon wat dink dat hy God met uiterlike skyn kan benader en ’n lewe wat getuig dat hy geen deel aan God het nie.